# HOOFSTUK III.

## DIE VESTIGING VAN KINDERTUINONDERWYS IN KAAPLAND, 1900-1920.

### 1. Leemtes en tekortkominge ten opsigte van kleinkinderonderwys.

Die onderrig in kleinkinderskole in Kaapland het aan die begin van die huidige eeu nog mank gegaan aan baie gebreke. Dit is nie verbasend nie, want terwyl daar teen die einde van die 19de eeu al instrukteurs en instruktrises was om toesig te hou oor die werk in spesiale vakke soos Handwerk, Naaldwerk, Sang en Tekene, was daar nog geen kindertuininstruktrises om die nodige leiding te gee en ook nie onderwyseresse wat spesiale opleiding vir dié werk gehad het nie. Daar het behoefte bestaan aan leiding en doeltreffende organisasie met betrekking tot die werk in die kleinkinderafdelings, en ten gevolge van hierdie leemte is die kinders se vermoëns gedurende hul eerste jare op skool nie ontwikkel soos die geval sou gewees het as beter metodes toegepas was nie; en die algemene beheer oor, en omvang van, die kleinkinderafdelings het ook veel te wense oorgelaat.[1)]

In verskeie verslae is daaroor gekla dat die werk te meganies is; daar word bv. papiere gevou en met stokkies gespeel, maar hierdie werksaamhede is waardeloos tensy een of ander opvoedkundige doelstelling nagestreef word.[2)]

In die meeste skole is 'n poging aangewend om, benewens die kinders te leer lees, skryf en reken, ook ander werk volgens kindertuinmetodes te onderneem. Die standaard wat in verband met aanskouingslesse, spele, aksieliedjies en liggaamsoefeninge bereik is, was oor

---

1) The Education Gazette, 9:187, 14 Okt. 1909.

2) S.G.O.-verslag, 1903, p. 175a. Sien ook S.G.O.-verslag, 1904, p. 222a en 226a.

die algemeen egter nie bevredigend nie;[3] en, terwyl daar wel stories vertel is, het die gees van mooi verhale en legendes dikwels verlore gegaan en is hierdie werk nie altyd met die „gawes" en „besighede" van die kindertuin, tekene en natuurstudie gekorreleer nie.[4]

Dit is nie net die aanbieding van die leerstof wat aan die begin van hierdie eeu onbevredigend was in kleinkinderskole en -afdelings nie; in baie skole was daar geen rooster nie, die klasregisters is nie gereeld bygehou nie en slegs in uitsonderlike gevalle is verslagboeke bygehou of is daar op enige wyse aangeteken watter werk gedoen is.[5]

2. <u>Die aanstelling van kindertuininstruktrises</u>.

(a) <u>Die eerste kindertuininstruktrises</u>.

In sy verslag oor die jaar 1900 skryf die S.G.O. dat die vernaamste nuwe ontwikkeling wat daardie jaar plaasgevind het, in verband met die kleinkinderskole was: mej. E.A. Welldon is naamlik in Augustus 1900 as die eerste kindertuininstruktrise in Kaapland aangestel en het teen die einde van die jaar diens aanvaar.[6]

Mej. Welldon het in 1902 haar bedanking ingedien en, toe die aanstelling van 'n opvolgster vir haar oorweeg is, is besluit om twee kindertuininstruktrises aan te stel, aangesien daar gevoel is dat die Kaapkolonie te groot is vir een dame om te behartig.

Die twee nuwe instruktrises het in Januarie

---

3) Vgl. S.G.O.-verslag, 1903, p. 175a - 178a.
4) S.G.O.-verslag, 1904, p. 222a.
5) S.G.O.-verslag, 1903, p. 176a.
6) S.G.O.-verslag, 1900, p. 2.

1903 diens aanvaar: mej. M. Adamson in Wes-Kaapland en mej. C. Sutherland in Oos-Kaapland.[7)]

(b) Pligte van die kindertuininstruktrises.

Die pligte van die kindertuininstruktrises is duidelik omlyn: „to train active teachers, to supervise class-work, to make periodical inspections, and to examine those undergoing a course of training in Kindergarten method."[8)] Hierdie pligte was in hoofsaak dieselfde as dié van instrukteurs van spesiale vakke wie se betrekkings jare tevore al ingestel is. In sy 1903-verslag het die S.G.O. neergelê dat daar van instrukteurs (-trises) nie so seer verwag word om skole met die oog op toetsing van gedane werk te besoek nie, as om die onderwysers(-esse) te help en leiding te gee;[9)] en twee jaar later het hy die volgende daaraan toegevoeg: „The work of the Instructors, as will, of course, be understood from their title, lies more in the direction of instruction than inspection."[10)]

(c) Wat die kindertuininstruktrises tot stand gebring het.

Nouliks 'n jaar nadat mej. Welldon diens aanvaar het as die eerste kindertuininstruktrise in Kaapland, het een van die omgangsinspekteurs, E. Noaks, al gerapporteer dat die reorganisasie van die kleinkinderskole waarmee daar teen die einde van 1900 'n

7) The Education Gazette, 9:187, 14 Okt. 1909. Sien ook S.G.O.-verslag, 1903, p. 2.
8) The Education Gazette, 2:201, 16 Jan. 1903; en 9:187, 14 Okt. 1909.
9) S.G.O.-verslag, 1903, p. 11.
10) S.G.O.-verslag, 1905, p. 12.

aanvang gemaak is, in die loop van 1901 gestadige vordering getoon het. Die verskyning van 'n departementele leerplan ten opsigte van kindertuinwerksaamhede, die herhaalde persoonlike besoeke van die kindertuininstruktrise aan dié skole wat haar raad en toesig die meeste nodig gehad het, en die uitwerking van die kindertuinklasse wat dwarsdeur die jaar vir diensdoende onderwyseresse gereël is, het volgens Noaks alles daartoe bygedra om 'n intelligente belangstelling vir hierdie uiters belangrike werk te wek en te versprei. „The resulting improvement has not been confined to recreative exercises and occupations; the ordinary subjects of instruction have also, in a measure, benefited."[11)]

Twee jaar later het 'n ander omgangsinspekteur, F.H. Ely, ook in sy verslag melding gemaak van die heilsame uitwerking wat die besoeke van 'n kindertuininstruktrise op die werk in die skole het en noem dit „an impulse to this part of the Elementary School Course."[12)]

Die kindertuininstruktrises self kon duidelik waarneem, en het spoedig opgemerk, watter verandering en verbetering op hul besoeke gevolg het. Aan die einde van haar tweede diensjaar het mej. Adamson al in haar verslag van snelle vordering melding gemaak,[13)] terwyl mej. Sutherland in haar verslag ook na mooi vordering verwys en byvoeg dat baie onderwyseresse verklaar dat hul leerlinge baie minder afwesig is vandat daar goedgekeurde kindertuinmetodes gevolg word.[14)]

11) S.G.O.-verslag, 1901, p. 103a.
12) S.G.O.-verslag, 1903, p. 29a.
13) S.G.O.-verslag, 1904, p. 222a.
14) Ibid., p. 226a.

Die volgende jaar het mej. Adamson verdere vooruitgang aangetref en sy noem spesiaal die vindingrykheid en doelgerigtheid wat ten opsigte van die „gawes" en „besighede" geopenbaar word, asook die verbetering met betrekking tot die aanwending van die storiemetode by mondelinge werk en die simpatieke wyse waarop natuurstudie- en aanskouingslesse aangebied word. Voorts verwys sy na die frisheid en lewenskragtigheid wat in verskeie skole aangetref word en beklemtoon die bemoedigende feit dat „consideration of method is gradually superseding consideration of matter" en dat oor die algemeen „there is a distinctly more human note throughout the Infants' school, which is surely making for progress."[15)]

Ook mej. Sutherland het in 1905 in elke vertakking van die kindertuinonderrig vooruitgang opgemerk en rapporteer dat die resultate baie bevredigend is. Sy is getref deur die begeerte by die onderwyseresse in baie skole om nie slegs aan die minimum-vereistes te voldoen nie, asook deur die deeglikheid wat die onderwyseresse aan die dag lê en die pogings wat hulle aanwend om die leerstof nie op 'n bloot meganiese wyse aan te bied nie.[16)]

(d) Tweetaligheid.

Meer as vyftien jaar lank vanaf die aanstelling van die eerste kindertuininstruktrise in Kaapland was die dames wat dié betrekking beklee het, almal eentalige Engelssprekendes. Op die S.A.O.U.-Kongres wat in 1915 plaasgevind

---

15) S.G.O.-verslag, 1905, 235a-236a.
16) Ibid., p. 239a-240a.

het, is vir die tweede keer 'n voorstel aangeneem waarin daar by die Onderwysdepartement en die Administrateur aangedring word op die aanstelling van 'n „Kindergarten instruktrice, die Hollands machtig is."[17] Na aanleiding hiervan het die Administrateur die Dagbestuur van die S.A.O.U. te woord gestaan, die versoek as billik erken en belowe om, indien moontlik, so 'n aanstelling te maak.[18]

Daar is spoedig aan die versoek van die S.A.O.U. voldoen en op die kongres wat in 1916 gehou is, is die volgende voorstel eenparig aangeneem:

> Dit Kongres heeft met genoegen ervan kennis genomen dat de Administratie een Hollandse inspektrice voor de Hollandse Kindertuihen heeft aangesteld en spreekt de stellige verwachting uit, dat voortaan geen Hollandse Kindertuin door een eentalige Engelse dame geinspekteerd zal worden.[19]

Die eerste Hollandssprekende kindertuininstruktrise wat in Kaapland aangestel is, was mej. E. Tismeer, wat van 1917 tot 1929 dié betrekking beklee het. Volgens 'n brief wat die skrywer van mej. Tismeer ontvang het,[20] het die suiwer Afrikaanse woord „kindertuin" in 1917 sy ontstaan in haar klas in die Wellingtonse Opleidingskollege gehad.

3. <u>Die opleiding van kindertuinonderwyseresse.</u>

(a) <u>Die behoefte aan opgeleide onderwyseresse.</u>

Tot 1900 was daar geen voorsiening vir die opleiding van kindertuinonderwyseresse in Kaapland nie en moes alle opgeleide onderwyseresse vir kleinkinderafdelings in Engeland

17) Die Unie, 11:23, Jul. 1915.
18) Ibid., p. 360, Apr. 1916.
19) Die Unie, 12:489, Aug. 1916.
20) Brief gedateer 14 Aug. 1963.

gewerf word.[21] Nie alleen was daar aan die begin van die huidige eeu net 'n paar gekwalifiseerde kindertuinonderwyseresse nie; daar was ook baie onderwyseresse in kleinkinderskole wat hoegenaamd geen professionele opleiding gehad het nie.[22] Hierdie gebrek aan gepaste kwalifikasies is deur een van die kindertuin-instruktrises in haar jaarverslag as 'n ontmoedigende verskynsel in die kleinkinderskole van die Kolonie bestempel.[23]

Gelukkig het sir Thomas Muir, die destydse S.G.O., baie waarde aan die behoorlike opleiding van onderwysers geheg. Voor 1900 het hy alreeds baanbrekerswerk verrig wat die opleiding van onderwysers(-esse) van spesiale vakke betref, en daarna sou hy toesien dat die nodige fasiliteite vir die opleiding van kindertuinonderwyseresse ook geskep word, sodat daar later met reg van hom gesê kon word dat „sy uitnemende werk in belang van die opleiding van onderwysers staan as 'n monument tot sy nagedagtenis."[24]

(b) <u>Die eerste opleidingsinrigtings</u>.

Mej. Welldon, wat in 1900 diens aanvaar het as die eerste kindertuininstruktrise in Kaapland, het uit die staanspoor vir onderwyseresse in die Opleidingsinrigting („Training Institute") in Kaapstad klasse gehou en teen die einde van 1900 is die werk op 'n vaste grondslag geplaas toe 'n leerplan vir die „Teachers' Elementary Kindergarten Certificate" gepubliseer is.[25]

21) S.G.O.-verslag, 1908, p. 13; en S.G.O.-verslag, 1909, p. 21.

22) S.G.O.-verslag, 1903, p. 176a.

23) S.G.O.-verslag, 1904, p. 221a.

24) Kellermann, J.E. Die geskiedenis van die opleiding van blanke onderwysers in Suid-Afrika (1652-1936), p. 185.

25) The Education Gazette, 9:187, 14 Okt. 1909.

Die klasse kon bygewoon word deur alle gediplomeerde onderwyseresse, asook alle ongediplomeerde onderwyseresse wat minstens twee jaar ondervinding van die werk in kleinkinderafdelings gehad het. Voorts moes almal wat inskryf, onderneem om die klasse gereeld by te woon en die voorgeskrewe werk te doen.[26)]

Die welslae wat mej. Welldon behaal het en die goeie uitwerking van haar klasse op die werk in kleinkinderskole en -afdelings, blyk onder meer uit die volgende aanhaling uit inspekteur E. Noaks se verslag: „It is gratifying to note that the Kindergarten classes for acting teachers which have been recently formed at the Training Institute, have made an excellent start and that the methods and processes there taught, are being introduced without delay into the schools to which the teachers are attached."[27)]

Die werk het vinnig uitgebrei en in die loop van die paar jaar 1901-1903 is daar op baie verskillende plekke in Kaapland klasse gehou, ook deur mej. Welldon se opvolgsters, mejj. M. Adamson en C. Sutherland. Met verloop van tyd het dit wenslik geblyk dat 'n meer gevorderde opleidingskursus vir onderwyseresse ingestel word en vroeg in 1903 is die leerplan vir die „Teachers' Higher Kindergarten Examination" gepubliseer.

Die opleiding van kindertuinonderwyseresse het sy beslag gekry en die werk is nou met erns aangepak. Mej. E.M. Swain, wat 'n aantal jare die betrekking van kindertuihonderwyseres op Uitenhage beklee het, is in 1903 as kindertuininstruktrise in die Kaapstadse Opleidings-

---

26) The Education Gazette, 1:69-70, 22 Nov. 1901.
27) S.G.O.-verslag, 1900, p. 90a.

kollege aangestel en die volgende jaar is 'n soortgelyke departement in verband met die Grahamstadse Opleidingskollege gestig. Die werk in hierdie twee sentra het geleidelik ontwikkel en eerlang was dit moontlik om belangrike kindertuin-betrekkings te vul met studente wat in Kaapland opgelei is. Namate skoolowerhede die waarde van opgeleide kindertuinonderwyseresse besef het, het die aanvraag na sodanige leerkragte toegeneem en in 1908 is 'n derde departement vir die opleiding van kindertuinonderwyseresse geopen, naamlik in die Wellingtonse Opleidingskollege.[28)]

(c) <u>Die werk vorder</u>.

Kindertuinonderwyseresse het die klasse wat deur mej. Welldon begin en deur ander instruktrises voortgesit is, besonder goed bygewoon en hulle het ook baie belang gestel in die werk. In haar 1903-verslag maak mej. Adamson spesiale melding van die geesdrif wat die onderwyseresse openbaar en die intelligente belangstelling wat hulle in die werk toon,[29)] terwyl mej. Sutherland dieselfde jaar met waardering verwys na die feit dat so 'n groot aantal onderwyseresse besef hoe belangrik opleiding in kindertuinwerk is.[30)] Die S.G.O., sir Thomas Muir, wie se belangstelling in die opleiding van onderwysers nooit verflou het nie, kon in 1904 soos volg rapporteer oor die vordering wat toe alreeds gemaak was: „A few years ago all properly trained Kindergarten teachers had to be imported: the local supply is now considerable."[31)]

---

28) The Education Gazette, 9:187-188, 14 Okt. 1909.
29) S.G.O.-verslag, 1903, p. 176a.
30) Ibid., p. 178a.
31) S.G.O.-verslag, 1904, p. 30.

Wat die getál onderwyseresse betref wat die Laer Kindertuinsertifikaat („Teachers' Elementary Kindergarten Certificate") verwerf het, blyk dit dat 485 gedurende die agt jaar 1901-1908 dié sertifikaat verwerf het.[32] Die eksamen vir die Hoër Kindertuinsertifikaat („Teachers' Higher Kindergarten Certificate") is die eerste keer in Desember 1903 afgeneem; daar was ses kandidate en al ses het geslaag, met vyf in die Eerste Graad.[33] 'n Opvallend hoë persentasie onderwyseresse het hul studie na verwerwing van die Laer Kindertuinsertifikaat voortgesit en gedurende die ses jaar 1903-1908 het nie minder nie as 123 die Hoër Kindertuinsertifikaat verwerf.[34] Die volgende jaar was die persentasie onderwyseresse wat nie tevrede was met net die Laer Kindertuinsertifikaat nie, nog hoër, en blykens die syfers wat die S.G.O. in sy verslag oor die jaar 1914 verstrek, het 225 onderwyseresse gedurende die vier jaar 1911-1914 die Laer Kindertuinsertifikaat verwerf en meer as die helfte van hierdie getal, naamlik 134, die Hoër Kindertuinsertifikaat.[35]

In „The Education Gazette" van 14 Oktober 1909 word 'n oorsig gegee van die vordering wat gedurende die agt jaar 1901-1908 met betrekking tot kindertuinonderwys in Kaapland gemaak is, en onder die opskrif „The position today" word die oorsig soos volg afgesluit:

---

32) The Education Gazette, 9 : 188, 14 Okt. 1909.
33) The Education Gazette, 3 : 491, 3 Mei 1904.
34) The Education Gazette, 9 : 188, 14 Okt. 1909.
35) S.G.O.-verslag, 1914, p. 31.

> What has been achieved as the result of eight years' work, is demonstrated in the condition of many of our infant departments as we find them today. Qualified teachers have taken the place of the untrained assistants of the past; the stagnation of the infant class has to a large extent disappeared; and, finally, there are many well-designed and adequately equipped Kindergartens in the more important centres ..... The introduction of the Kindergarten system has brought life and movement into classes where formerly there was much monotony.....36)

(d) <u>Die waarde van die opleiding.</u>

Die S.G.O. het dikwels in sy jaarverslae verwys na die vordering wat met betrekking tot die opleiding van kindertuinonderwyseresse gemaak is, asook na die toenemende mate waarin die waarde van die kursus besef is. In sy 1905-verslag beklemtoon hy weer eens die bevredigende vordering en voeg dan daarby dat Skoolkomitees al hoe meer die waarde erken wat 'n ten volle gekwalifiseerde onderwyseres vir die kleinkinderafdeling van 'n skool het.37) Veral uit sy 1909-verslag blyk watter groot verandering die beskouing van Skoolkomitees oor die waarde van opgeleide onderwyseresse ondergaan het: „School Committees now very generally recognise the importance of having a specially trained mistress for the Infant Department. The time was when they considered that this was work to be given to the youngest and most inexperienced teachers."38)

By geleentheid van 'n inspekteurskonferensie wat in 1912 plaasgevind het, is die wenslikheid beklemtoon dat onderwyseresse wat in kindertuinafdelings aangestel word, spesiale opleiding vir dié werk gehad het. Daar is gevoel dat 'n onderwyseres wat in beheer van 'n

36) The Education Gazette, 9:188, 14 Okt. 1909.
37) S.G.O.-verslag, 1905, p. 24.
38) S.G.O.-verslag, 1909, p. 21.

kindertuinafdeling is, ten minste die Laer Kindertuinsertifikaat behoort te besit.[39]

(e) Aanbevelings van die Fremantle-kommissie.

Die Onderwyskommissie wat in 1910 onder voorsitterskap van die heer H.E.S. Fremantle, L.W.V., aangestel is om ondersoek in te stel na bepaalde aspekte van die onderwysstelsel in Kaapland, het heelwat aandag aan die opleiding van kindertuinonderwyseresse geskenk. In sy verslag, wat in 1912 uitgebring is, spreek die kommissie sy genoeë daarmee uit dat kragtige pogings aangewend is en nog aangewend word om in Kaapland self op deeglike wyse kindertuinonderwyseresse op te lei. Volgens die kommissie was dit 'n teenstrydigheid dat 'n departement wat in die besonder 'n personeel vereis wat bekend is met die lewe en die taal van die kinders, nog altyd grotendeels in die hande van ingevoerde onderwyseresse was. Dit is waarskynlik, aldus die kommissie, dat, indien daar in die kindertuinklasse onderwyseresse aangestel word wat in Kaapland opgelei is, die onderrig in baie buitedistrikte doeltreffender sal word en die vooroordeel teen die kindertuinstelsel sal verdwyn.[40]

Die aanbeveling van die Fremantle-kommissie in verband met die kindertuin was dat, waar kinders onder die leeftyd van sewe jaar tot die skool toegelaat word, die skoolowerheid daarna moes strewe om kindertuinklasse vir hulle te vorm, maar dat dit nie gedoen moes word nie tensy die owerheid „grondig opgeleide" leerkragte vir dié werk kon kry; en dat die pogings

39) The Education Gazette, 12:264, 3 Okt. 1912.
40) Fremantle-verslag, 1912, p. 109.

wat aangewend is om plaaslik opgeleide kindertuinonderwyseresse te kry, voortgesit moes word.[41)]

(f) Wysiging in die vereistes vir die Laer Kindertuineksamen.

In sy 1912-verslag wys die S.G.O. daarop dat daar 'n aantal jare tevore baie kleinkinderskoolonderwyseresse sonder enige kwalifikasies hoegenaamd, toegelaat is om die Laer Kindertuineksamen („Elementary Kindergarten Examination") af te lê sonder dat van hulle vereis is om eers die algemene onderwyserseksamen af te lê. Dat kindertuinopleiding heeltemal verskillend van opleiding vir gewone skoolwerk kon wees, was egter nooit in ooreenstemming met die Departement se beleid nie; en voortaan sou vereis word dat voornemende kindertuinstudente eers 'n bevredigende algemene opleiding as onderwyseresse ontvang voordat hulle met die spesiale kleinkinderskoolwerk kon begin.[42)]

(g) Tweetaligheidsendossement.

Tot 1917 was daar geen aansporing vir 'n kindertuinonderwyseres om in 'n tweetaligheidseksamen te slaag nie. In 'n kennisgewing wat in die Onderwysgaset van 3 Mei 1917 verskyn het, verklaar die Departement dat dit goed sal wees om kindertuinonderwyseresse en -studente aan te moedig om hul spesiaal te bekwaam vir die gebruik van beide landstale in kleinkinderskoolonderwys. Aangesien die praktiese gedeelte van die kinder-

41) Ibid., p. 260, paragraaf 15. Dit is noodsaaklik dat ons daarop let dat in die Hollandse uitgawe van die Fremantle-verslag die woord „bewaarschool" vir „kindergarten" en „bewaarschoolonderwijzeres" vir „kindergarten teacher" gebruik word. Die benaming „kindertuin" was toe nog onbekend.

42) S.G.O.-verslag, 1912, p. 28-29.

tuineksamen 'n uitstekende geleentheid bied vir die beoordeling van 'n kandidaat se bevoegdheid in dié opsig, sou daar dus voortaan 'n spesiale endossement aangebring word op die sertifikaat van enige kandidaat wat die praktiese eksamen in albei tale met goeie gevolg afgelê het. Voorts sou dit enige onderwyseres wat òf die Hoër òf die Laer Kindertuinsertifikaat besit, vrystaan om te eniger tyd aansoek te doen om 'n praktiese eksamen af te lê in die taal waarin sy nog nie geslaag het nie, sodat die endossement op haar sertifikaat aangebring kon word indien sy slaag.[43)]

4. Die eerste pamflet oor kindertuinwerk.

'n Belangrike stap deur die Onderwysdepartement om sowel die bestuurders van skole as die onderwysers vertroud te maak met die vernaamste vereistes van kindertuinwerk, is in 1901 gedoen toe 'n spesiale pamflet oor hierdie werk gepubliseer is.[44)] Die hoofdoel was om te bewerkstellig dat onderwysers(-esse) in kleinkinderklasse behoorlike aandag aan kindertuinwerk skenk sonder dat doeltreffende onderrig in lees, skryf en reken daardeur geskaad word.

In die pamflet word neergelê dat alle kinders in en onder standerd I gereeld onderrig in kindertuinvakke moet kry. Met die oog hierop word van bestuurders en skoolhoofde verwag om toe te sien dat onderwysers(-esse) wat sodanige klasse waarneem, indien moontlik, opleiding in kindertuinwerk en -metodes gehad het en behoorlik gekwalifiseerd is om daarin onderrig te gee.

Ten einde dit vir die kinders moontlik te maak om die beste voordeel uit onderrig in kindertuinvakke te trek sonder dat daar inbreuk gemaak word op die tyd wat vir onderrig in lees, skryf en reken nodig is, was dit gebiedend

---

43) The Education Gazette, 16:1046, 3 Mei 1917.

44) Pamphlet no. 15: instructions regarding the teaching of kindergarten subjects, 1901.

noodsaaklik dat 'n fyn-uitgewerkte rooster vir die verskillende vakke opgestel word; gevolglik word daar in die pamflet wenke aan die hand gedoen vir die opstel van 'n doeltreffende rooster. Dit kom daarop neer dat 'n kwartier elke oggend vir liggaamsoefeninge en sang afgestaan moes word, dat dit gevolg word deur tussen 'n halfuur en 'n driekwartier vir elk van lees, skryf en reken, en dat die laaste gedeelte van die dag hoofsaaklik aan natuurstudie, naaldwerk, teken en kindertuinwerksaamhede bestee moes word.

Die pamflet bevat ook voorligting en wenke met betrekking tot die opstel van werkskemas en die aantekening van gedane werk, handboeke vir gebruik deur die onderwysers(-esse), uitrusting vir die klaskamers en materiaal wat in kindertuinklasse benodig word.

Die leerkragte word daarop gewys dat by kindertuinlesse die metode wat gevolg word, belangriker is as die werk wat gedoen word. „No effort should be spared to make such lessons a real hand-and-eye training to the children." Voorts moet die onderwysers(-esse) daarna strewe om die kinders te oefen in gewoontes van gehoorsaamheid, oplettendheid, selfbeheersing en netheid. „Upon the habits thus formed in the Standard I and Sub-Standard Classes will to a large extent depend the tone and work of the upper school."[45)]

5. Die belangrikheid van kindertuinwerk.

Reeds aan die begin van die huidige eeu is die belangrikheid van kindertuinwerk deur die Onderwysdepartement besef en is die aandag van skoolowerhede van tyd tot tyd daarop gevestig. So is daar in 1905 in die Onderwysgaset 'n uittreksel uit 'n inspeksieverslag gepubliseer waarin verwys word na die „euwel" wat in sommige skole, veral eenmanskole, aangetref word, naamlik dat die hoër primêre klasse onnodig baie aandag kry ten koste van die laer klasse, wat net soveel aandag nodig het soos enige ander afdeling van die skool.[46)]

45) Ibid., p. 8.
46) The Education Gazette, 4:327, 13 Jan. 1905.

Een van die kindertuininstruktrises het in haar 1905-verslag oor die swak skoolbanke gekla en daarop gewys dat dit in sommige skole die gebruik is om die hoër klasse telkens van nuwe banke te voorsien, terwyl die ou banke goed genoeg geag word vir die kleinkinderafdeling. „This is reversing the natural order of things. Surely the first care should be for the comfort of the little ones."[47)]

Die S.G.O.-verslag oor die jaar 1911 bevat o.a. 'n brief van inspekteur W.A. Russell waarin hy sekere bewerings in die verslag van 'n onderwyskommissie weerlê. In verband met die kleinkinderskole skryf hy dat die onderwys in kindertuinklasse 'n algehele verandering ondergaan het en dat die kleinkinderafdeling erken word as 'n afsonderlike en belangrike afdeling van skoolwerk.[48)]

In 'n artikel oor die substanderds wat in die Onderwysgaset van 16 Oktober 1919 verskyn het, word gewaarsku teen die rampspoedige gevolge wat verwag kan word van 'n werkverdeling waardeur daar soveel leerkragte vir die hoogste klasse afgestaan word dat die leerlinge in die substanderds verwaarloos word. Sommige van die substanderd-leerlinge, aldus die artikel, sal eendag in die hoogste klasse wees en, as daar aan die begin van hul skoolloopbaan nie die nodige aandag aan hulle geskenk is nie, sal hulle in die jare wat voorlê, „baie onbevredigende materiaal" vir die hoër klasse wees.[49)]

6. <u>Die beste onderwyseresse is vir die kindertuin nodig.</u>

Nie alleen is daar, soos ons in die paragrawe hierbo aangetoon het, besef dat kindertuinwerk baie belangrik is nie, maar daar is ook telkens deur amptenare van die Departement daarop aangedring dat die dienste van die beste onderwyseresse vir die kleinkinderafdelings van skole verkry word.

---

47) S.G.O.-verslag, 1905, p. 240a.
48) S.G.O.-verslag, 1911, p. 45.
49) The Education Gazette, 19:293, 16 Okt. 1919.

In 1903 meld mej. M. Adamson, een van die instruktrises, in haar verslag dat sy dikwels hoor van 'n onderwyseres wat van die kleinkinderklasse na die hoër klasse „bevorder" is. Die instruktrise se kommentaar hierop is dat dit wel bevordering mag wees wat salaris betref, maar dat dit die kleinkinderskool is waar 'n goeie onderwyseres se dienste nodig is.[50)] Die volgende jaar skryf mej. Adamson dat elke kleinkinderskool die leiding nodig het van die beste onderwyseres wat verkry kan word[51)] en die S.G.O. self waarsku ook teen die skadelike gevolge van die gebruik om die jongste kinders in 'n skool aan die sorg van die onbekwaamste onderwyseres toe te vertrou.[52)]

Mej. C. Sutherland, ook 'n kindertuininstruktrise, stel in haar 1905-verslag die werk van 'n kindertuinonderwyseres in die regte perspektief: „An erroneous impression is abroad with regard to the work of the Infants' mistress; her work is often considered of an elementary nature when compared with that of the ordinary standard teacher, whereas the reverse is the case. All true educationalists are agreed that the success of the school depends upon the early training of its pupils."[53)]

Die waarde van 'n kindertuinonderwyseres se werk is gaandeweg al hoe beter besef en al hoe meer gewaardeer, en in 1909 is die toestand in die Onderwysgaset, 'n amptelike blad van die Departement, soos volg opgesom: „The Kindergarten teacher is no longer the worst paid member of the staff, and as a consequence she is frequently numbered among the most efficient."[54)]

7. Klagtes teen kleinkinderskole.

(a) Kindertuinwerk word oordryf.

Een van die klagtes wat dikwels teen kleinkinderskole ingebring is, is dat kindertuinwerk

50) S.G.O.-verslag, 1903, p. 176a.
51) S.G.O.-verslag, 1904, p. 222a.
52) Ibid., p. 13.
53) S.G.O.-verslag, 1905, p. 240a.
54) The Education Gazette, 9:188, 14 Okt. 1909.

oordryf word. Volgens die Fremantle-kommissie was daar destyds 'n „ver verspreide weerzin tegen bewaarschoolonderricht" en die heer A.S. du Plessis, L.W.V., wat voor dié kommissie getuienis afgelê het, het ook reguit gesê dat „hoe meer ik bekend word met bewaarschoolonderricht, des te minder ik er mee op heb." Na sy mening het die kinders in die kindertuin leer speel en, wanneer hulle ouer word, het hulle voortgegaan met speel, terwyl die ouers daarvoor moes betaal.[55)]

In 1917 skryf mnr. P.J. du P. le Roux in „Die Unie" dat die „Kindergarten-bezigheid" heeltemal oordryf word. Volgens hom wou elke klein dorpie in die land 'n kindertuinonderwyseres hê: dié kos gewoonlik meer as 'n gewone onderwyseres en sy hou haar dikwels besig deur seuns en dogters wat nie meer klein kindertjies is nie, drie jaar lank „onledig te houden met papiertjies vouwen, huisjes bouwen en dergelijk kinderspel."[56)]

Ook mnr. S.J. Malherbe, wat in 1917 voorsitter van die S.A.O.U. was, het in sy voorsittersrede op die kongres beweer: „..... dat dit ingevoerde kindertuin stelsel overdreven wordt in ons land, is zeker." Dit was volgens hom nie 'n ongewone gesig om 'n boerseun van tien of twaalf jaar oud op dieselfde bank as dogtertjies van vyf of ses jaar te sien sit en met papiertjies peuter of „Slaap, kindjé, slaap" sing nie, terwyl so 'n seun miskien met groot ongerief van sy behoeftige ouers op skool is.[57)]

---

55) Fremantle-verslag, 1912, p. 107-108.

56) Le Roux, P.J. du P. Het leerplan. De Unie, 13 : 91, Okt. 1917.

57) Malherbe, S.J. Voorsittersrede. Dit ingevoerde kindertuin stelsel. De Unie, 13:194, Jan. 1918.

(b) <u>Sommige leerlinge in die kindertuinklasse is te oud.</u>

Sowel omgangsinspekteurs as kindertuininstruktrises het dikwels in hul verslae daaroor gekla dat kinders wat al te oud vir kindertuinwerk is, in dieselfde klasse as die kleintjies sit.

In 1901 noem inspekteur E. Noaks die aanwesigheid van 'n groot aantal leerlinge wat al te oud is vir kindertuinwerk, waarskynlik die grootste hindernis in die weg van doeltreffende organisasie van kleinkinderskoolwerk in sy omgang. Hy wou nie hê dat sulke kinders aan die gewone kindertuin-werksaamhede deelneem nie; hulle moes net die gewone vakke leer en alles moes in die werk gestel word om hulle so spoedig moontlik deur die substanderds te kry.[58] Mej. Sutherland, 'n kindertuininstruktrise, het dit ook in haar 1904-verslag betreur dat seuns van 15, 16, 17 en selfs 18 jaar oud in kleinkinderafdelings aangetref word.[59] Dit was veral in die buitedistrikte die geval.

In 1948 het dr. G.G. Cillié in 'n artikel in „Die Unie" geskryf dat daar in 1906 kinders van vyf jaar en 'n seun van 18 jaar met 'n snorbaard in dieselfde kindertuinklas op Franschhoek was, „en tussenin was daar kinders van baie verskillende leeftye."[60]

Jare later is daar nog oor die aanwesigheid van betreklike groot kinders in kindertuinklasse gekla. Op die S.A.O.U.-Kongres van 1920 wys dr. G. Eybers daarop dat daar nog heel dikwels seuns en dogters van 12 en 15 jaar in die kinder-

---

[58] S.G.O.-verslag, 1901, p. 104a.
[59] S.G.O.-verslag, 1904, p. 225a.
[60] Cillié, G.G. Die probleme van die primêre skool, VII. <u>Die Unie</u>, 44:123, Des. 1948.

tuin sit en speel. „Het wordt hoog tijd dat het Onderwijsdepartement drastiese maatregelen zal nemen om aan deze ongehoorde toestand een einde te maken."[61)]

8. Vordering.

Dat daar gedurende die tydperk onder bespreking groot vordering met betrekking tot kindertuinonderwys in Kaapland gemaak is, ly geen twyfel nie. Die vordering het eers moontlik geword nadat die vooroordeel wat ten opsigte van kindertuinwerk bestaan het, uit die weg geruim was, en dit is in 'n baie groot mate te danke aan die volgehoue pogings van die eerste kindertuininstruktrises. Dié dames het die leerkragte oortuig van die noodsaaklikheid dat aanskouingslesse en ander kindertuinwerk met lees, skryf en reken gekorreleer moet word en dat die leerlinge se verstand op elke moontlike wyse ontwikkel moet word. „It is not sufficient that intelligence training be confined to the object lesson. It is the continual incidental questioning, the training of observation and giving expression to thoughts that go to make bright and observant pupils."[62)]

Mej. E.M. Swain, wat baie jare lank 'n kindertuininstruktrise in Kaapland was, gee in haar laaste verslag voor haar aftrede in 1919 'n insiggewende oorsig oor die vordering wat gedurende haar dienstyd met betrekking tot kindertuinwerk gemaak is. 'n Geleidelike verandering in die leerplan het tot gevolg gehad dat meer plek vir stories en voordrag ingeruim is en dat groter waarde aan natuurstudie geheg is; ook aan tuinmaak, praktiese waarneming van plante- en dierelewe, versamelings en uitstappies in verband met natuurstudie. Voorts beklemtoon sy die invoering van baie handwerk, penseeltekening, raffia-, modelleer- en

---

[61)] De Unie, 16:226, Febr. 1921.
[62)] S.G.O.-verslag, 1905, p. 240a.

plaatwerk, asook die gebruik van die sandbak, en ten slotte vermeld sy die groot verbetering wat ten opsigte van akkommodasie en higiëniese toestande plaasgevind het.[63)]

Kindertuinonderwys was nou behoorlik gevestig; departementele amptenare en onderwysers(-esse) kon in die toekoms daarop voortbou en verder uitbou.

---

63) S.G.O.-verslag, 1919, p. 46.